

# Proefskrifbespreking / Dissertation Review

Van Zyl, P J 1995 — 'n Prakties-Teologiese ondersoek na die invloed van huisbesoek op erediensbywoning binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Ongepubliseerde proefskrif, Doktor in Teologie; Promotor: Prof dr T F J Dreyer

**Resensent: Prof dr D J Booysen (Hervormde Teologiese Opleiding)**

Die onderwerp is belangrik: Die korrelasie tussen erediensbywoning en huisbesoek. Dit kan met redelike sekerheid aanvaar word dat die algemene opvatting bestaan dat daar wel 'n bepaalde positiewe verhouding is — huisbesoek bevorder erediensbywoning. Die vraag kan ook gestel word of dit waar is? Hieraan gee die skrywer aandag en bespreek die aangeleentheid breedvoerig. Wat veral belangrik is, is die feit dat 'n aspek soos huisbesoek opnuut weer teologies gefundeerd is. Die skrywer het elke keer 'n lang aanloop na die eintlike doelwit in die besprekings van die verskillende onderdele van die onderwerp — soms dink ek, selfs te lank.

Enkele kritiese opmerkings moet ook gemaak word. Ek wil herhaal: Daarmee word geensins afbreuk gedoen aan hierdie proefskrif nie. Dit is eerder 'n poging om ook 'n bydrae tot die gesprek te maak. Hierdie opmerkings sal in die loop van die skrywe by die toepaslike gedeeltes gemaak word.

Een saak kan in die algemeen gestel word. Die metode wat die skrywer gevolg het, was om vraelyste onder 'n aantal respondente te versprei. Die skrywer het elke keer die respondente van 'n reeks moontlike antwoorde voorsien. Dit is die algemene gebruik by die soort navraag. Dit bly steeds vir my 'n vraag in hoe 'n mate die respondent se mening deur die vrae bepaal is. Om 'n voorbeeld te noem: As 'n mens wil weet wat die doel van huisbesoek is, en jy voorsien 'n aantal moontlikhede, is die kans baie goed dat die antwoord uit die reeks van moontlikhede sal kom. Daardeur het jy dalk die regte antwoord verkry, maar jy het nie die selfstandige oordeel van die respondent op die vraag gekry nie.

Wanneer dit oor die onderwerp gaan, is die uitgangspunt van die skrywer om vas te stel of daar enige empiriese gegewens is om enige korrelasie tussen die twee aangeleenthede aan te dui. Is dit so dat huisbesoek mense motiveer om opnuut weer of meer gereeld kerk toe te gaan? Hierop probeer hy antwoord vind. As invalshoek gebruik hy die verskillende opvattinge wat gekoester word oor die waarde of betekenis van huisbesoek. Teenoorgestelde standpunte word aangedui en dit moet daartoe lei dat 'n fundering van die huisbesoek as sulks nie kan ontbreek nie.

Die skrywer verwys na die spanningsveld ten opsigte van die verhouding teorie en praktyk. Teorie is in hierdie geval die teologiese beginsels wat ter sake is wanneer daar oór enige praktyk van die kerk gepraat word. Hier kan na my mening slegs een norm geld en dit is dat die praktyk uit die teorie afgelei moet word. Die teorie kan nooit uit die praktyk afgelei word nie. Die feit van die saak is dat as teorie en praktyk met mekaar bots, dit die praktyk is wat aangepas moet word en nie die teorie nie. Vorm en inhoud behoort bymekaar. As die inhoud die verkondiging is, kan die vorm nie enige vorm wees nie. Dit moet vorm wees wat by die inhoud pas en diensbaar is aan die verkondiging. Die vorm moet, om dit so te stel, nie die inhoud tot niet maak nie. Dit is dieselfde as ons van praktyk en teorie praat. Daarom is die gesprek rondom die besware ten opsigte van die huisbesoek nie geldend nie.

Miskien moet 'n mens eers stel dat die taak van die kerk die verkondiging is en bly. Hierdie verkondiging kan verskillende gestaltes aanneem soos huisbesoek, kategese en die diens van barmhartigheid, om maar enkele te noem. Inhoud van hierdie verkondiging is een en dieselfde: Dit gaan om die totaliteit van God se Woord. Die verskil tree in die metode na vore. Die kategetiese metode sal verskil van huisbesoek.

Dit het gebruik geword om die Praktiese Teologie as handelingswetenskap te beskryf. Daar word ook bepaalde redes aangevoer (bv bl 46-48). Wanneer hierdie handelinge omskryf word as daardie handelinge van mense wat daarop ingestel is om ander mense te help om God te ontmoet en met God en hulle medemens in gemeenskap te lewe, dan moet daar onmiddellik weer verhelderende opmerkings gemaak word. Persoonlik heg ek nie veel waarde aan hierdie definisie nie, dooereenvoudig omdat die definisie baie wyd kan loop en daar misverstand kan ontstaan, veral ten opsigte van die objek van die Praktiese Teologie. Die vraag is naamlik waar lê die klem in hierdie definisie? Daar is nie grensafbakening nie en hoe vaag die grense tussen die verskillende teologiese dissiplines ook al mag wees, hier word dit bykans opgehef. Daarmee bedoel ek dit: Praktiese Teologie is primêr gerig op die binnekerklike handeling, die bewaar van die kerk, as ek dit so kan stel. Die apostolaat se taak is primêr gerig op die uitbeveeg van die kerk vir die vermeerdering van die kerk. As dit dan nou gaan om die handelinge wat daarop gerig is om mense te help om God te ontmoet, is dit nie ook waar van die missionêre taak van die kerk nie?

Ek het 'n probleem as Van Zyl skryf: Dit voordeel is veral daarin geleë dat die moontlikheid bestaan om deur middel van empiriese metodes teologiese teorieë te toets en te verander, indien nodig (bl 48). 'n Teologiese teorie kan slegs teologiese teorie wees as dit op die Skrif gebaseer is. Anders is dit geen teologiese teorie nie. Empiriese metodes kan nie maatstaf wees vir teologiese teorieë nie. Die omgekeerde is waar: Teologiese beginsels moet maatstaf wees vir empiriese metodes. Is hierdie metodes nie geskik nie, dan moet die metodes aangepas word.

In die Praktiese Teologie kom die mens al meer en meer op die voorgrond. Nou is dit goed dat die mens aandag sal geniet, trouens die liefde van God is juis gerig op die mens (Joh 3:16). Die angeleentheid kom ook in die proefskrif ter sprake. Die mensbeskouing van Pieterse word bespreek en die kritiek van Van Zyl teen enkele opvattinge van Pieterse is grondig. Met instemming word Louw se standpunt gestel. Hiervolgens gaan dit daarom dat die Praktiese Teologie nie bloot in die mens as verskynsel belang stel nie, maar in die mens as skepsel (p 51). Graag sou ek hier wil byvoeg: mens as skepsel voor God. Daarom gaan dit trouens in die Skrif. Hierdie mens staan as sonderaar voor God. Dit beteken dat die kerugmatiese karakter van die Praktiese Teologie sterker op die voorgrond moet kom, want die ou definisie van die Praktiese Teologie as wetenskap van die kerklike verkondiging spreek duideliker waarom dit in die Praktiese Teologie gaan. Juis omdat dit beklemtoon word, word die huisbesoek se aard ook vasgelê, want huisbesoek is immers een van die verkondigingsgestaltes van die Praktiese Teologie. Dit gee ook sin en betekenis aan die huisbesoek.

Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde kerk in Afrika het tydens die siting van 1995 'n verslag aanvaar waarin die saak indirek geraak word. Die verslag stel dit soos volg:

Vanuit sy teologie verstaan die kerk sy bediening van die versoening as opdrag van Jesus Christus sy Heer. Hierdie bediening moet tot eer van God geskied. Dit wil alle mense tot geloof bring en in die geloof versterk. Die bediening van die versoening

vind nie anders plaas nie as deur die verkondiging van die Woord. Die Woord word deur 'n verskeidenheid verkondigingsgestaltes uitgedra wat soos strale uitgaan van die prediking as brongestalte van die verkondiging.

(Besluitebundel vir die 64e Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, bl 4 (hierna: Besluitebundel)

Die kerk het opnuut die oortuiging bevestig dat die kerk se bediening die beste ten uitvoer gebring kan word deur middel van die presbiteraal-sinodale kerkregeringstelsel. So word dan beweer: Binne hierdie struktuur word die gemeente van Christus toegerus vir sy dienswerk in die wêreld, leef hy onder tug van gehoorsaamheid aan die Woord en versorg hy hom in onderlinge barmhartigheid (Besluitebundel, bl 4).

Hier is een saak duidelik: Die prediking word die brongestalte van die verkondiging genoem. Daar word dus heel tereg klem gelê op die erediens waarbinne die prediking plaasvind. Die verhouding erediens-huisbesoek is ook daarmee bepaal. Enersyds sal die erediens die huisbesoek voorafgaan en ook in 'n groot mate bepaal. In werklikheid is die vraag na die korrelasie tussen erediens en huisbesoek dan sekondêr. Die verhouding is primêr teologies bepaal. Die prediking is die brongestalte van wat tydens die huisbesoek sal plaasvind. Daarmee is ook reeds duidelik gestel wat die inhoud van die huisbesoek sal wees: Dit is verkondiging van die Woord. Andersyds beteken dit ook weer dat die huisbesoek moet teruglei na die erediens toe. Dit is die hartklop van die gemeente.

Die verkondiging word tydens huisbesoek toegepas in die besondere omstandighede van daardie bepaalde individu of gesin. Dit plaas die mens onmiddellik in die regte perspektief as mens voor God. Die werklikheid van menswees kom eers in sy totaliteit tot sy reg as mens voor God. Hierdeur word die verhouding tussen mens en medemens ook in die regte perspektief geplaas.

### EREDIENS

In hoofstuk drie word gehandel oor die erediens. Oorwig van die bespreking is geleë in die liturgiese elemente wat teruggevind word in die erediens. Miskien word dit oorbeklemtoon tot nadeel van 'n bespreking oor die wese van die erediens. Belangrik is daarom die stellings dat die erediens sy oorsprong by God self vind (bl 59) en die nuwe aksente wat deur die Reformatore na vore gebring is, soos die erediens as gesprek tussen God en mens (bl 65).

Vir die bespreking is dit goed om kennis te neem van hoe belangrik die erediens vir die lidmaat is. Dit word duidelik uit die volgende tabel. Die vraag aan die betrokkenes het gelui: Dit is noodsaaklik vir 'n mens se saligheid dat hy/sy die erediens sal bywoon. Hierop is soos volg geantwoord:

	Stem beslis saam	Stem saam	Verskil	Verskil beslis
Predikante 1973	10	33	33	18
Predikante 1985	4	31	41	22
Lidmate 1985	25	44	41	22
Kerkraadslede 1985	82	50.5	25	10.9

Hierdie gegewens is verkry uit die opname wat die Raad vir Prediking en Erediens (hierna RPE) in samewerking met Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gedurende 1985 gemaak het. Gegewens is hoofsaaklik deur dr J H Beukes en dr C Steenkamp gedoen.

Van Zyl verwys na die erediensbywoning in die Ring van Klerksdorp en beweer dat dit ook maar dieselfde patroon in die ander ringe van die kerk is. Volgens die gegewens verstrekk op bladsye 77-79 kom die erediensbywoning op ongeveer 44% vir oggendedienste te staan en 13% vir die aanddienste. Die RPE het ook bevind dat slegs 37% van die lidmate in die periode van agt maande vier maal of meer per maand die erediens bygewoon het. Vergelyk ons dit met die gegewens van die RPE oor die opvattinge wat onder die Hervormde Kerk se lidmate bestaan, en ons vergelyk dit met die erediensbywoning van die lidmate, kan ons verstaan waarom dit so is. Die negatiewe gevolge vir die kerk is duidelik: Die Hervormde Kerk verloor jaarliks aan lidmate wat doodeenvoudig net uit die kerk verdwyn. Die vraag is nou: Is daar tydens huisbezoek voldoende aandag aan die aangeleentheid gegee. Van Zyl bevestig: Daar het sedert 1985 niks wesenlik ten opsigte van die aangeleentheid gebeur nie!

Nou is dit so dat lidmate by uitstek voorkeur verleen aan die bywoning van oggenddienste. Die uitsondering kom in die studentegemeentes voor waar 77,42% van die studente hulle voorkeur vir die aanddiens uitspreek en slegs 22,48% te kenne gee dat hulle verkies om die oggenddiens by te woon.

	Middestad	Stad	Voorstedelik	Hoewe	Groot dorpe	Platteland	Studente	Totaal
Oggend	8241	9067	8889	8468	8917	9281	2258	8414
Aand	1759	933	1111	1532	1083	719	7742	1586

Nou is dit nogal interessant om daarop te let dat daar 'n opvatting gevestig is dat al sou 'n persoon nie erediens bywoon nie, hy nogtans godsdienstig kan wees. Die RPE het so oor die saak geoordeel:

	Stem beslis saam	Stem saam	Verskil	Verskil beslis
Lidmate 1985	25	44	20	8
Predikante 1973	10	33	33	18
Predikante 1985	4	31	41	22

Die selfbeeld van predikante skiet heelwat tekort. Anders is daar groot beskeidenheid by die predikantekorps. 'n Mens kan net hoop dat laasgenoemde die geval is. Die bewering word gemaak omdat daar op die stelling: 'predikante is dikwels self die oorsaak dat die lidmate nie die kerk besoek nie', soos volg gereageer is:

	Stem beslis saam	Stem saam	Verskil	Verskil beslis
Predikante 1973	12	68	6	4
Predikante 1985	8	65	16	1
Lidmate 1985	14	42	28	8

Wat kommerwekkend is, is die feit dat die siening van die predikante in 'n groot mate gedeel word deur die lidmate. 'n Mens moet dus vra: Beantwoord die huisbesoek aan sy doel? Is dit nie dalk maar 'n monoloog waar die predikant die praatwerk doen en die lidmaat net luister nie? As dit 'n dialoog is, hoe-kom kom die sake nie ter tafel, sodat dit opgeklar kan word nie? Daarmee saam kom ook die vraag na die sinvolheid van die ouderling se huisbesoek. Geniet hy net nie die vertroue van die lidmate sodat hulle moontlike probleme met die predikant na die oppervlakte kan bring nie. Anders: Waar kom hierdie sterk gevestigde opvatting vandaan?

Die kerk het vantevore reeds die standpunt uitgespreek ten gunste van die Calvinistiese binding van huisbesoek as geleentheid vir die uitoefening van die opsig van die kerk. Dit is die geleentheid waar-tydens opnuut aandag gegee word aan die vraag of lidmate in gehoorsaamheid aan die Woord leef. Juis daarom kan die kerk nie anders as om huisbesoek te doen nie, hoe populêr of ongewild die huisbesoek ook al mag wees. Dit kan nie bepaal of die kerk besig sal wees met huisbesoek of nie. Dit moet. Juis omdat ons hier met 'n bepaalde gestalte van die verkondiging te make het en waar die mens, om dit so te stel, alleen instrument van die Gees van God is, kan die resultate van die huisbesoek ook nie altyd aan-wysbaar wees nie. Dit spreek vanself. Dit maak nie die proefskrif oorbodig nie. Inteendeel! Dit gaan juis daarom dat die kerk voortdurend sal besin, en dit is tog die betekenis en waarde van die weten-skapsbeoefening, om steeds te vra na die sinvolste wyse van die kerk se werk, ook die huisbesoek. As daar dan bepaalde tendense na aanleiding van die kerk se werk aanwysbaar is, kan en moet die kerk sekerlik daarvan kennis neem.

## HUISBESOEK

Die opname van die RPE het aangetoon dat 'n verskeidenheid van onderwerpe in die gesprek tydens huis-besoek hanteer word:

Pastorale gesprek oor preektemas	46,1%
Verklaring van 'n Skrifgedeelte	89,2%
Praat in die algemeen oor godsdienstige sake	91,7%
Praat in die algemeen oor kerksake	89,3%
Praat in die algemeen oor gemeentesake	88,8%
Bring eintlik net 'n welwillendheidsbesoek	3,5%

Uit hierdie statistieke is dit duidelik dat die een onderwerp nie die ander uitsluit nie. Meer temas kan aan die woord kom, volgens hierdie tabel. Hier moet egter opgemerk word dat die verkondiging van die Woord nie agterweë kan bly nie. Dan het die huisbesoek nie aan sy doel beantwoord nie.

Van Zyl se bevinding is dat 97% van die predikante tydens huisbesoek uit die Bybel lees en gebed het en 71,3% van die lidmate het bevestig dat die predikante oor 'n spesifieke geestelike onderwerp met hulle gepraat het (bl 236-237). Dit is ook duidelik dat die lidmate redelik verdeel is oor die vraag of daar 'n geestelike gesprek moet plaasvind of nie. Slegs 51,1% gee daaraan voorkeur. Hierdie voorkeur of afkeur van die lidmate kan nie in ag geneem word nie. Die kerk moet sy werk doen, en reg doen, sonder dat die voor- of afkeure van die lidmate voorskriftelik kan wees.

Die interessante van die twee stelle gegewens is dat dit duidelik is dat die werkspatroon van die predikante deur die jare nie verander het nie. Wat verontrustend is, is die feit dat drie persent van die predikante, soos deur albei die verslae aangetoon, nie uit die Bybel gelees en gebid het nie. Hoe hierdie mense die huisbesoek verstaan, is 'n probleem. Hoe kan jy by die mense kom sonder om hulle te voed met die Brood van die Lewe?

Kyk ons na die frekwensie van die huisbesoek dan kom die volgende aan die lig: 99,5% van die predikante het te kenne gegee dat hulle by individuele gesinne huisbesoek doen, maar slegs 47,4% het in die voorafgaande jaar by elke besoekpunt huisbesoek gedoen. 78,3% het verklaar dat hulle nie huisbesoek groepsgegewys, byvoorbeeld in wyksbyeenkomste, doen nie.

Lidmate se opvatting oor die huisbesoek word deur die volgende gegewens duidelik gemaak: Op die stelling: Van predikante kan nie verwag word om huisbesoek by alle huisgesinne te doen nie, is die volgende reaksie van gemeentelede ontvang:

- \* 1% stem beslis saam
- \* 11% stem saam
- \* 3% om 't ewe
- \* 42% verskil
- \* 43% verskil beslis

Van Zyl wys daarop dat 64,9% van die lidmate verwag om jaarliks besoek te word en 23,1% verwag dit tweejaarliks (bl 230). Daarmee is dit duidelik gestel: Die oorgrote aantal lidmate verwag dat huisbesoek gedoen moet word. Dit is 'n gesonde toedrag van sake. Dit beteken dat die werk van die kerk nog steeds op prys gestel word en maak dit makliker vir die kerk om die werk van die kerk te doen.

Kyk ons na die RPE se opname oor die frekwensie van die huisbesoek deur predikante dan gee die lidmate (persentasiegewys) die volgende te kenne:

Hoe lank gelede	Middestad	Stad	Voorstedelik	Hoewes	Groot dorpe	Platteland	Studente
1 maand of minder	29,07	18,07	24,60	28,3	22,63	25,77	31,68
2 tot 4 maande	25,44	20,48	22,65	24,79	28,13	21,31	45,54
5 tot 11 maande	23,68	33,73	23,95	13,68	27,83	28,18	17,82
12 mnede of meer	22,81	17,71	28,80	33,33	21,41	24,74	4,95

As ons dan na die syfers kyk, dan moet die vraag gevra word na watter korrelasie word gesoek? Moet huisbesoek die gevolg hê dat lidmate die eredienste beter sal bywoon? Dit is die logiese korrelasie waarna 'n mens sou soek. Dit is die uitgangspunt van die kerk dat alles uit die erediens voortvloei en weer daarna moet terugvoer. Nou blyk dit dat mense bepaalde voorkeure handhaaf. Die vraag is dan of daar in die huisbesoek daadwerklik aandag gegee is aan die saak om byvoorbeeld die aanderdienste se bywoning te verbeter?

Die tabelle van die RPE en Van Zyl sal met mekaar vergelyk moet word en dan moet die gevolgtrekking eenvoudig wees dat die huisbesoek nie daarin geslaag het om enige beduidende uitwerking te hê nie. Die vraag is: Waar lê die probleem? Dit moet by die inhoudelike van die huisbesoek gesoek word. As daar geen reaksie op die huisbesoek is nie, dan moet die ander aspek wat nog altyd ten nouste met huisbesoek saamhang, ook bevraagteken word en dit is die opsig van die kerkraad. Vind dit werklik plaas? Word daar maar genoeg geneem met die toedrag van sake?

Van Zyl het bevind dat daar geen empiriese getuienis van enige korrelasie tussen erediensbywoning en huisbesoek vasgestel kan word nie. Hierin is hy reg. By die ontleding van die gegewens moet daar opgemerk word dat ons hier steeds met die algemene situasie in die kerk te make het. Wil ons werklik die invloed van huisbesoek op die erediensbywoning bepaal, dan sal daar meer intensief gewerk moet word. Die samewerking van 'n aantal predikante sal hiervoor verkry moet word. Om die saak te probeer verhelder kan die volgende gesê word: Om die invloed te evalueer, sal behoorlik statistiek gehou moet word van byvoorbeeld 'n aantal gesinne wat nie gereelde kerkgangers is nie. Huisbesoek moet dan by hulle gedoen word en dan moet gekontroleer word of hulle die erediens beter bywoon of nie. Alleen op die wyse kan werklike empiriese gegewens opgebou word.

Die luisteraspek is belangrik omdat dit aanduiding is dat die ander persoon ernstig geneem word. Dit is belangrik. Hoe nietig of gering 'n saak ook al mag lyk, die feit dat die ander persoon dit tydens huisbesoek opper, is aanduiding dat dit vir hom belangrik is, en daarom verdien dit die volle aandag van die huisbesoeker. Daarom ook die eis van opregtheid en egtheid.

Een opmerking op bladsy 150 vra egter ons aandag. Daar staan: *Die lidmaat verwag om 'n gesprek te voer met iemand, nie allereers omdat hy 'n dominee is nie, maar omdat daar 'n sekere vertrouwe bestaan.* Hiervan wil ek tog verskil. Wat hier ter sake is, is dat dit hier gaan om 'n amptelike besoek. Die predikant doen dit omdat hy predikant is. Die lidmaat weet dat dit die predikant is, en verwag dan ook van die bedienaar van die Woord dat dit uiteindelik moet gaan om die Woord. Die lidmaat verwag van die predikant dat hy huisbesoek sal doen omdat hy predikant is. Dit gaan dus nie om *iemand* nie, dit gaan om die bedienaar van die Woord. Daarom sal 'n bepaalde saak geopper word. Lidmate aanvaar in baie groot mate dat die predikant iemand se vertrouwe werd is. Feit is ook dat daar heel moontlike baie ander persone is met wie die lidmaat 'n besondere vertrouensverhouding kan hê. Nietemin voer hy/sy die bepaalde gesprek tog met die predikant en nie met 'n ander vertroueling nie.

Wat ek egter nie kan onderskryf nie, is die opmerking dat huisbesoek tydrowend is. Dit is wel 'n populêre siening van die saak. Die vraag is egter: Wie se tyd word geroof? Is dit tydrowend as 'n mens jou werk doen? Dit kan tog nie. Huisbesoek neem baie tyd in beslag. Dit is egter so dat dit deel is van die predikant se werk en daarom moet dit gedoen word. Die feit dat dit soveel tyd in beslag neem, is geen verskoning om dit nie te wil doen nie.

As ons nou kyk na die herder-kudde model, waarvolgens 'n groot deel van die kerk se werk gedoen word, dan is dit so dat die herder na alle skape in sy kudde omsien. Hy doen dit so gereeld as moontlik om te verseker dat daar nie probleme insluip in die kudde nie. Praat ons van frekwensie dan sal sinvolle huisbesoek so gereeld as moontlik gedoen moet word. Die kritiek van Van Zyl teen die besluite van die kerk in dié verband is gegrond. Jy maak nie die een besluit kragteloos deur skuiwergate te skep nie.

As ons in aanmerking neem dat huisbesoek 'n eiesoortige metode is om die evangelie te verkondig, en laat ons dit duidelik stel, soos dit geblyk het ook uit die proefskrif, 'n heel besondere, dan kan daar nie geargumenteer word dat dit tydrowend is nie. Feit van die saak is dat dit gedoen moet word. Die saak waarom dit gaan, is dat dit so deeglik as moontlik gedoen moet word. Dit is die eis wat gestel moet word. Dit gaan doodeenvoudig nie daarom dat dit tydrowend is nie. Hierdie besondere gesprek met elke huisgesin of individu, is noodsaaklik. Juis tydens die huisbesoek moet dit onder die lidmaat se aandag gebring word dat die evangelie en alles wat daarmee saamgaan, soos sy verpligtinge as gelowige, ook vir hom bedoel is.

Ek het daarna verwys dat Van Zyl se werk eintlik bevestig dat daar sedert 1995 nie veel verander het in die kerk nie. Foutiewe opvattinge heers in die kerk. Dit sal 'n moeisame proses wees om dit te verander. Maar dit moet. Die huisbesoek, waar die verkondiging so moet plaasvind dat dit diensbaar aan die Gees van God is, is die gulde geleentheid om sake reg te stel. Wie erns wil maak van die huisbesoek, moet van hierdie werk van Van Zyl deeglik kennis neem.